WAT VERSEKER VRYE EN REGVERDIGE VERKIESINGS

WAT VERSEKER DAT ONS VERKIESINGS VRY EN REGVERDIG IS?



Daar is duidelike wette wat verkiesings reguleer

Die reg van Suid-Afrikaners om aan vrye en regverdige verkiesings deel te neem word uiteengesit in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika. Die Verkiesingswet (73 van 1998) sit die bepalings uiteen wat nasionale en provinsiale verkiesings reguleer. Die Munisipale Verkiesingswet (27 van 2000) sit die bepalings uiteen wat munisipale verkiesings reguleer. Die wet verstrek ook ‘n lys van optredes wat voor en tydens ‘n verkiesing onwettig is.



Jou stem word geheim gehou

Kiesers kan aan verkiesings deelneem sonder om bekommerd te wees dat ander mense weet vir wie hulle gestem het.



Verkiesings word gereeld gehou

Suid-Afrikaners stem in beide nasionale en provinsiale verkiesings, asook in munisipale verkiesings. Elke verkiesing word elke vyf jaar gehou.



Jy het keuses

Daar is baie politieke partye om van te kies. Enige persoon kan ‘n politieke party stig of ‘n kandidaat in ‘n verkiesing wees en jy kan enige politieke party ondersteun of lid wees van enige party.



Almal wat geregistreer is om te stem, kan stem

Elke geregistreerde kieser se naam verskyn op die kieserslys. Slegs geregistreerde kiesers kan stem. Indien jy nie in jou stemdistrik kan wees op die verkiesingsdag nie, kan jy aansoek doen om ‘n spesiale stem wat jou toelaat om voor die verkiesing by jou stemlokaal te stem.



Die verkiesingsproses kies nie kant nie

Verkiesings word bestuur deur die Verkiesingskommissie. Dit is ’n organisasie wat onafhanklik van die regering is en nie enige politieke party voortrek of ondersteun nie. Verkiesings is ‘n ope en deursigtige proses en word nie deur enige persoon of groep beïnvloed nie. Politieke partye en waarnemers kan elke stap in die verkiesingsproses waarneem.

Een van die belangrikste aspekte van ‘n werkende demokrasie is dat burgers die reg het om te stem en hulle leiers te kies. Verkiesings moet vry en regverdig wees om dit moontlik te maak.

Die Verkiesingskommissie bestuur nasionale, provinsiale en munisipale verkiesings, insluitend referendums, in Suid-Afrika. Die kommissie se belangrikste taak is om seker te maak dat hierdie verkiesings vry en regverdig is.

Sedert 1994 is al Suid-Afrika se verkiesings as vry en regverdig beskou deur binnelandse en internasionale belanghebbendes.

IEC
SOUTH AFRICA



Partye en kandidate kan sonder vrees hul veldtogte voer

Daar is respek vir ander mense se standpunte en daar is openbare debat.



Alle politieke partye aanvaar die finale uitslae van die verkiesing

Enige persoon kan die verklaarde uitslae van ‘n verkiesing betwis. Die Verkiesingskommissie stel ondersoek in na besware en neem ‘n besluit. Indien enige persoon nie met daardie besluit tevrede is nie, kan hulle dit na die Verkiesingshof verwys wat uitspraak kan lewer oor alle verkiesingsdispute.



Daar is ‘n gedragskode wat almal voor, tydens en ná verkiesings moet nakom

Alle politieke partye wat aan verkiesings deelneem moet die Verkiesingsgedragskode, wat die reëls vir ‘n vrye en regverdige verkiesing uiteensit, onderteken en aanvaar.

Politieke partye en kandidate stem onder meer in om:

- hul uit te spreek teen politieke geweld en dreigemente jeens ander partye, die Verkiesingskommissie, lede van die publiek en die media;
- met owerhede en ander politieke te kommunikeer oor beplande politieke byeenkomste;
- met die Verkiesingskommissie saam te werk sodat die kommissie sy pligte kan uitvoer;
- die uitslae van die verkiesing te aanvaar of om die uitslae in die hof te betwis.

Dit is onwettig vir enigiemand om:

- ‘n ander persoon te verhinder om met kiesers te praat;
- in te meng met ‘n kieser se reg tot geheimhouding wanneer hy of sy stem;
- taal te gebruik wat geweld aanhits;
- kandidate of kiesers te intimideer;
- ‘n beloning aan ‘n persoon aan te bied om vir ‘n party te stem;
- plakkate van partye te verwyder of te vernietig;
- ‘n beampte van die Verkiesingskommissie om te koop of te beïnvloed terwyl die beampte sy of haar plig doen;
- die Verkiesingskommissie te verhinder om sy plig uit te voer met die bestuur van die verkiesings.

INDIEN ENIGE PERSOON DIE WETTE OORTREE WAT VERKIESINGS REGULEER, KAN HULLE ’N BOETE OF TRONKSTRAF VAN TOT TIEN JAAR OPGELÊ WORD. POLITIEKE PARTYE WAT HIERDIE WETTE OORTREE KAN OOK ’N BOETE OPGELÊ WORD EN VERHINDER WORD OM IN ’N AREA TE WERK. HULLE STEMME IN ’N AREA KAN OOK GEKANSELLEER WORD.

Meer oor die Verkiesingskommissie

Die Verkiesingskommissie is onafhanklike, onpartydige instelling wat kragtens Artikel 9 van die Grondwet gestig is. Dit bestuur nasionale, provinsiale en munisipale verkiesings. Dit verseker dat hierdie verkiesings geloofwaardig, vry en regverdig is.

Nasionale Kantoor

Tel: 012 622 5700
info@elections.org.za
www.elections.org.za
Kontaksentrum: 0800 11 8000 (tydens verkiesings)

Volg ons:

Kontak Provinsiale Kantore

Oos-Kaap: 043 709 4200
Vrystaat: 051 401 5000
Gauteng: 011 644 7400
KwaZulu-Natal: 031 279 2200
Limpopo: 015 283 9100
Mpumalanga: 013 762 0640
Noordwes: 018 391 0800/5
Noord-Kaap: 053 838 5000
Wes-Kaap: 021 910 5700

Afrikaans